HILLCREST HIGH SCHOOL

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**VRAESTEL 1**

**Graad 11** | **Nov. 2015**
**Tyd: 2 uur** | **Punte: 80**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**


| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
   **Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Bothma, Gilbert, Haluman**
6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Leesbegrip**
**Vraag 1**
**Teks A: Artikel**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

> Die wêreld is 'n boek, en dié wat nie reis nie, lees slegs een bladsy daarvan. *St Augustine*





Lees die artikel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Goeie redes om oorsee te reis.** Deur Natalie Thomas

Natalie Thomas is 'n 24-jarige skryfster en joernalis van Suid-Kalifornië wat tans saam met haar man in Edinburgh, Skotland woon. Sy reis gereeld om die wêreld.

1. Daar sal 'n tyd in jou lewe kom wanneer jy die geleentheid sal kry om oorsee te reis of selfs om in 'n ander land te werk of woon. Ek is hier om vir jou te sê om die geleentheid te gryp en om nooit terug te kyk nie. Dit maak nie saak wat gebeur nie, jy sal nie spyt wees dat jy die perke van jou gemaksone en jou paspoort gerek het nie.

2. Hoekom moet jy die lewe in jou geboorteland vir 'n paar maande of jaar laat vaar om die lewe buite jou geboorteland te ervaar? Miskien het jy onlangs graad gevang of dalk begin jy binnekort s udeer of dalk dink jy daaraan om oorsee te studeer. Jy sit dalk in 'n vervelige werk, onseker oor wat om volgende te doen. Wat ook al. Daar sal nooit 'n perfekte tyd wees nie. Daar sal altyd redes wees om nie te gaan nie, maar NOU is die tyd om die kans te vat.

3. So lank jy 'n paspoort en 'n gemaklike paar stapstewels het, kan jy gebruik maak van die miljoene avonture wat op jou vingerpunte wag. As dit 'n kwessie van geld is (en dit is gewoonlik), kan jy dink aan 'n kulturele uitruil, verdien geld deur Engels te onderrig of werk op 'n plaas, jy kan selfs by die Vredekorps aansluit. Die punt is, as jy dit graag genoeg wil hê, sal jy 'n plan maak.

4. Oorweeg die volgende 8 redes waarom jy oorsee behoort te reis:

*1) Kultuur:*

Deur te reis gaan jy eerstehands van verskillende kulture leer. 'n Mens kan altyd 'n boek lees oor Thailand, maar daar is iets spesiaals daaraan om die Durian vrug persoonlik te ruik. Wanneer jy eers eenmaal die kulturele verskille eerstehands ondervind het, sal jy begin verstaan waar ander mense vandaan kom en hoekom hulle is soos hulle is.

*2) Avontuur:*

Hoe kan dit nie pret wees om 'n klomp tasse en sakke deur 'n treinstasie te sleep nie? Jy's nou jonk en onafhanklik! Tensy jy 'n ernstige nooi of kêrel het, is daar nie mense wat nou op jou staatmaak nie. Pak nou dadelik. Die avonture is eindeloos. Jy kan Guatemala toe reis en op 'n koffieplantasie werk, klim die Oostenrykse Alpe, reis per fiets deur Indië of besoek die antieke piramides van Egipte.

*3) Taal:*

Terwyl jy nuwe kulture en hul kos verken kan jy jou ook in hul taal verdiep. Dalk het jy Duits op skool studeer of miskien wou jy nog altyd Swahili leer. Dit is nou tyd om dit te gaan leer en om dit te gebruik.

*4) Ondervinding:*

Studies wys dat mense deesdae eerder hulle geld op nuwe en opwindende ondervindings wil bestee wat goeie herinneringe skep as om dit op materiële besittings uit te gee. Sou jy nie eerder R250.00 betaal om in Costa Rica van 'n berg af te spring en in kristalhelder water te land nie, of om R250.00 op mediese voorraad vir 'n arm dorpie te spandeer nie, as om 'n nuwe paar skoene te koop nie? Deur die keuse om daardie geld op 'n ondervinding of avontuur te spandeer of om ander te help dien, sal jy sonder twyfel 'n unieke herinnering hê wat nie deur 'n nuwe paar skoene geëwenaar sal word nie.

*5) Dit lyk goed op jou CV:*

Om 'n korporatiewe waarde by die lys voordele van reis te voeg, onthou asseblief dat toekomstige werkgewers mal is oor hierdie tipe goed. Die meeste werkgewers beskou reis as 'n wonderlike manier om kennis op te doen oor wêreldkulture. Reis wys ook vir hulle dat jy 'n verantwoordelike en volwasse individu is wat die vermoë het om maklik aan te pas in verskillende situasies.

*6) Geleenthede en kontakte:*

As jy oorsee gaan, sal jy nie vassit in 'n werk wat jou nie meer inspireer of motiveer nie. Jy was dalk vir die afgelope ses maande bang om te bedank uit die werk. Nou kan jy werk soek waar ook al jy wil. Wie weet, dalk kry jy werk by 'n nuwe, moderne kafee of miskien op 'n kakaoplaas of miskien as 'n kinderoppasser en dan kan jy om die wêreld reis as 'n au pair. Die punt is, jy het nou die moed en die geleentheid om te doen waarvoor jy lus het. Jy kan besluit of jy jou kwalifikasie wil gebruik of nie. As jy nog altyd 'n skrywer, digter, musikant, fotograaf wou gewees het – dit is nou tyd. Doen dit! Jy sal dalk goeie kontakte maak, mense

wat jou later kan help, of dit nou slaapplek is vir 'n aand of twee, of iemand wat jou kan help om die werk van jou drome te kry. En raai wat? Jy word vir iemand anders 'n kontak – jy sal die kans kry om later iemand akkomodasie aan te bied of om hulle voor te stel aan iemand wat hulle kan help.

*7. Vind jouself:*

Om oorsee te reis bied vir jou die geleentheid om nuwe vriende en kontakte te maak. Jy hoef nie meer Waterpolo William of doen-swak-op-skool Johnny te wees nie. Jy kan nou wees wie/wat jy wil. Jy kies die goed waaroor jy passievol voel en jy hoef nie meer in te pas waar jy nooit gemaklik gevoel het nie. Jy is dalk een van daardie mense wat die druk van familie of vriende voel om 'n sekere tipe persoon te wees. Wel, nou is jou kans om te kies of jy so wil wees of nie. Al jou nuwe vriende sal jou slegs as William of Johnny ken, en jy het die geleentheid om hulle jou ware self te wys.

*8. Kry perspektief:*

Onthou jy nog daardie nuutste slimfoon waarvoor jy gewag het? Was jy van plan om 'n koel nuwe motor te koop? Terwyl reis nie al jou probleme sal oplos nie, sal jy 'n nuwe perspektief kry nadat jy al jou belangrikste besittings in een of twee tasse probeer pas. Daar is eenvoudig nie plek vir al jou 'goed' nie. Laat ek dit so stel: net praktiese klere en twee paar skoene sal inpas, geen deftige, enkel-brekende Louboutin hoëhakskoene of drie verskillende formele uitrustings sal in jou tas pas nie. Glo my, jy wil nie vyf tasse rondsleep nie. Soos jou ouers sou sê: "Dit bou karakter." Terwyl jy ander lewenswyses buite jou eie land en gemaksone beleef en deur ander internasionale kerke te besoek kan ons leer en sien wat God op 'n groter skaal, internasionaal, regoor die wêreld doen.

Jy sal natuurlik jou familie en vriende mis terwyl jy reis, maar jy sal besig wees om nuwe herinneringe te maak. Dit sal ook vir jou familie en vriende 'n goeie verskoning wees om vir jou in jou nuwe omgewing te kom besoek en vir hulle om 'n paar nuwe avonture van hul eie te hê.

Al het jy net die kleinste neiging om oorsee te reis of te gaan werk, wil ek jou aanmoedig om te sien of jy 'n plan kan maak om dit 'n werklikheid te maak. Jy sal kosbare lesse leer, 'n meer verantwoordelike en volwasse mens word, en sonder twyfel nuwe herinneringe maak. Jy sal jou eie waardes en kulturele norme her-evalueer. En wanneer jy terugkeer huis toe, sal jy 'n wyer perspektief van die wêreld hê.

---

1.1. Uit watter Staat van Amerika kom die skrywer van hierdie artikel? (1)

1.2. Haal EEN woord uit die inleiding aan wat vir ons aandui wat Natalie dikwels doen. (1)

1.3. Noem 2 dinge wat jy nodig het om die miljoene avonture wat op jou wag te kan doen. (1)

1.4. In paragraaf 2 praat Natalie van 'n "gemaksone". Wat bedoel sy daarmee? Kies die korrekte antwoord en skryf dan die LETTER EN DIE ANTWOORD neer.

A. Die werk wat jy op die oomblik doen.
B. Dit waarmee jy jouself besig hou.
C. 'n Plek of situasie waar jy veilig en gemaklik voel.
D. 'n Plek of situasie waar jy voel jy moet wegkom. (1)

1.5. Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan wat aandui dat Natalie in hierdie artikel ook met universiteitstudente wat reeds hul gradeplegtigheid gehad het, praat. (1)

1.6. Wat is, volgens die artikel, die een ding wat baie mense keer om te reis? (1)

1.7. Wanneer sal jy, volgens die artikel, 'n plan maak om te gaan reis? (1)

1.8. Watter eksotiese vrug word in die artikel genoem? (1)

1.9. Hoekom is dit, volgens die artikel, beter om jou geld op ondervindings te bestee as om 'n nuwe paar skoene te koop? (1)

1.10. Noem 1 karaktereienskap wat jou toekomstige baas as 'n voordeel sal sien as hy op jou CV sien dat jy gereis het. (1)

1.11. Hoekom, dink jy, is party mense bang om uit hul werk te bedank? (1)

1.12.1. Noem 1 ding wat nuwe kontakte dalk eendag vir jou sal kan doen. (1)

1.12.2. Noem een ding wat jy dalk eendag vir jou nuwe kontakte sal kan doen. (Jou antwoord vir 1.12.2. moet anders wees as jou antwoord in 1.12.1.) (1)

1.13. "Jy kan besluit of jy jou kwalifikasie wil gebruik of nie" (Punt 6, *Geleenthede en kontakte*)

1.13.1. Sê nou maar jy het 'n BCom graad en jy besluit dat jy nie lus het om daardie tipe werk te doen nie. Noem een ander beroep wat Natalie voorstel jy dalk nou kan doen. (1)

1.14. Johnny was 'n top akademiese presteerder op skool.

1.14.1. Stem jy saam met hierdie stelling? JA/NEE (1)
1.14.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.15. Kyk na: 7. *Vind jouself:*

Verduidelik in jou eie woorde wat "druk van familie of vriende" beteken. (1)

1.16. William was goed met waterpolo. Hy was egter nie gelukkig om net as Waterpolo William bekend te wees nie.

1.16.1. Wat, sal volgens Natalie en hierdie artikel, vir hom 'n kans gee om net William te wees? (1)

1.17. Deur watter twee materialistiese items word baie jongmense deesdae in die versoeking gelei? (1)

1.18. Gee die naam van 'n wêreldbekende handelsnaam wat duur skoene vervaardig. (1)

1.19. Watter EEN woord dui aan dat die skoene gevaarlik mag wees? (1)

1.20. Kies die korrekte antwoord en skryf dan die LETTER EN DIE ANTWOORD neer.

Wat, volgens jou ouers, in punt 8, *Kry perspektief*, bou karakter?

A. Om duur besittings te hê.
B. Om baie tasse rond te sleep.
C. Om met minder goed klaar te kom.
D. Om oorsee te reis. (1)


1.21. Na wie sal jy, volgens die artikel, verlang wanneer jy reis en weg is van die huis? (1)

1.22. Watter bonus sal 'n besoek van jou geliefdes vir HULLE inhou as hulle vir jou in jou nuwe omgewing kom kuier? (1)

(24)

## Teks B: Visuele Teks: Suid-Afrikaners se fliekgewoontes

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




Bron: Nasionale film- en videostigting, saamgestel deur [illegible] THEUNS KRUGER, Grafika24

1.23. 32,26% Suid-Afrikaners verkies ander flieks. Watter tipe flieks is die tweede populêrste? (1)

1.24. Sê in jou eie woorde hoekom komedies mense gewoonlik goed laat voel? (1)

1.25. Die meeste Suid-Afrikaners hou daarvan om DVD's te kyk.

1.25.1. Stem jy saam met hierdie stelling? Ja/Nee? (1)

1.25.2. Motiveer jou antwoord deur te verwys na die inligting in die grafiek hierbo. (1)

1.26. Kies die korrekte antwoord.

Wanneer fliek mense die minste?

A. Saterdae
B. Weeksdae
C. Sondae
D. Openbare vakansiedae (1)

1.27. Waarom dink jy kies so min Suid-Afrikaners om NIE fliekteater toe te gaan om fliek te kyk nie?
Gee jou eie rede en skryf dit in 'n goeie volsin neer. (1)

(6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Afdeling B: Opsomming.**

**Vraag:2. Teks C.** Lees die onderstaande wenke deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die SEWE wenke op oor hoe die lewens van SA se jongmense lyk.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

# Hoe lyk die lewens van Suid-Afrika se jongmense?

1. Die lewens van Suid-Afrika se jongmense lyk anders as vyftig jaar gelede, soos ons in die volgende voorbeelde kan sien.

2. Jongmense se lewens draai om tegnologie. Baie van hulle kry reeds op 9-jarige ouderdom 'n eerste selfoon. Daarsonder voel hulle verlore. As ouer mense sukkel met 'n rekenaar of nuwe selfoon, word die jonges vinnig geroep om te help.

3. Onderwysers kla dat leerders se luistervermoë swak is. Navorsing wys dit is omdat hulle gedurig blootgestel word aan harde klanke wat hulle gehoor affekteer. Dit kan ook wees dat hulle so gewoond daaraan is om musiek oor en oor te speel, dat hulle nie die eerste keer luister nie.

4. Rekenaarspeletjies leer jongmense om kanse te waag. Hierdie speletjies leer 'n mens dat daar altyd 'n geleentheid is om weer te probeer. Maar in die regte lewe is dit nie altyd moontlik om jou foute reg te stel nie. Jongmense leer hierdeur om goed te dink voordat hulle kanse waag.

5. Die adverteerders weet hoe belangrik materiële dinge vir jongmense is. Die media maak dus seker dat hulle bekende handelsname en duur tegnologie oral adverteer. Om hierdie dinge te koop,het jongmense geld nodig. Geld speel daarom 'n groot rol in ons jongmense se lewens.

6. Jongmense beleef deesdae traumatiese situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat. Anders as in die verlede, glo jongmense dat grootmense respek moet verdién. Respek word nie outomaties aan ouderdom gekoppel nie. Volwassenes moet dus so optree dat die jeug hulle sal respekteer.

7. Jongmense verkies deesdae familielede as rolmodelle. Tradisionele rolmodelle, soos sport- en rolprentsterre, is nie meer so belangrik soos in die verlede nie.

(Verwerk uit:Vrouekeur, 14 Mei 2010)


**(10)**

**AfdelingC: Taal**

**Vraag 3: Advertensie**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

DISNEYLAND PARIS



Bespreek vroeg vir 2016 & bespaar **(3.1)**15%.

Kinders onder die ouderdom van 7 kry gratis toegang.

Pa's ,wat kan nou beter wees as meer as 50 opwindende ritte, glinsterende vertonings en partytjies vir jou kinders van alle ouderdomsgroepe? Die geskenk van 'n leeftyd lê in **(3.2)** (pa se) hande. Disneyland Parys bied toweragtige en wonderlike ervarings aan. Reg langsaan kan jy die helder ligte, kamera's en aksie by die Walt Disney Studios beleef!

**(3.4)**Pa, jy sal spyt wees as jy jou kinders oolt vat nie.

Maar wag! Daar's nog. Koop geskenke en aandenkings. Geniet die **(3.5)**(heerlik) etes by ons topgehalte restaurante. Nou ja, gaan Disney Village toe.

**(3.6)** Hoeveel kos dit!

Pryse:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Dag 1 Park | Volwassene: 70€ | Kinders tussen 7-12: 60€ |
| 1 Dag 2 Parke | Volwassene: 80€ | Kinders tussen 7-12: 70€ |
| | Kinders 0-6 GRATIS | Kinders 0-6 GRATIS |

Besoektye:

Disneyland Parys: 10vm. – 11nm. **(3.9)**
Walt Disney Studios 10vm. – 6nm.

Om te bespreek, besoek:
www.besoekdisneylandparys.com
of bel ons op 0866 658 8854

3.1. Skryf die getal 15 as 'n woord neer. (1)

3.2. Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte VOORNAAMWOORD.

Die geskenk van 'n leeftyd lê in **(3.2)** (pa se) hande. Disneyland Parys bied toweragtige en wonderlike ervarings aan. (1)

3.3. Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi.

Die woord, .......... dui aan dat as jy vooruit beplan, jy geld sal spaar.

- Bespreek
- vroeg
- bespaar
- gratis (1)

3.4. Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Pa is spyt hy het sy kinders Disneyland toe gevat. (1)

3.5. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Geniet die **(3.3)**(heerlik) etes by ons top-gehalte restaurante. (1)

3.6. Skryf die volgende sin oor en verbeter die LEESTEKEN FOUT.

Hoeveel kos dit! (1)

3.7. Met wie praat die advertensie spesifiek? (1)

3.8. Hoeveel sal dit 'n gesin van twee volwassenes, een kind van 8 jaar oud en haar boetie van 6 jaar oud kos om vir 1 dag 1 park te besoek?

3.8.1. Skryf jou antwoord in 0 syfers neer. (1)

3.9. Skryf die AFKORTINGS in die volgende sin volledig neer.

Disneyland Parys: 10vm. – 11nm. (2)

(10)

## Vraag 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

Raampie 1 | Raampie 2 | Raampie 3




4.1. Verbeter die woordorde in die volgende sin. Skryf die sin volledig uit.

Meneer du Toit en ek kom nie goed oor die weg nie. (1)

4.2. Haal EEN WOORD aan wat vir ons 'n aanduiding gee watter vak Meneer du Toit onderrig. (1)

4.3. Verwys na raampie 1.

4.3.1. Hoe weet jy dat Meneer du Toit hard praat? (1)

4.3.2. Daar is twee Engelse woorde in raampie 1. Gee die twee korrekte Afrikaanse woorde daarvoor. Skryf net die twee Afrikaanse woorde neer. (2)

4.4. Watter woord wys vir ons dat dit nie die eerste keer is dat Meneer du Toit die seun uitvang nie? (1)

4.5. Verwys na raampie 2.

4.5.1. Wat noem ons die hare wat 'n man soos Meneer du Toit, bokant hulle boonste lip groei? (1)

4.5.2. Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf die korrekte antwoord neer.

Meneer du Toit se hand wys vir ons dat hy ...

A. met die hele klas praat.
B. met 'n paar leerlinge praat.
C. spesifiek met die seun praat
D. wil hê die seun moet die klas verlaat. (1)

4.5.3. Noem EEN manier waarop Meneer du Toit se gesigsuitdrukking sy ontevredenheid ondersteun. (1)

4.6. Verwys na raampie 2.

4.6.1. As die seun regtig "sorry" was oor sy gedrag, sou hy iets anders sê as net: "Sorry, meneer."

Wat kon hy sê om vir Meneer du Toit te wys dat hy sy gedrag gaan verander?


Skryf die seun se woorde in 'n goeie volsin van ten minste 10 woorde neer. (1)

(10)

**Vraag 5: Artikel en prent**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel en prent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**Eskom mik vir vier weke sonder beurtkrag.**



30 Augustus 2015
Deel van SA-nuus

Eskom het Sondag gesê hy hoop om op dié dag 'n vierde week sonder beurtkrag af (5.1) skop.

"Eskom voorsien nie dat dit nodig sal wees om vandag (Sondag) beurtkrag toe te pas nie aangesien die kragnetwerk tans stabiel is," het die kragvoorsiener in 'n verklaring gesê.

"Die kragnetwerk is egter nog kwesbaar. Enige ekstra lading of foute in die stelsel kan dus daartoe lei dat beurtkrag toegepas sal word."

Eskom kon die afgelope drie week (5.4) daarin slaag om ten volle aan die land se kragbehoeftes te voorsien, wat beteken dat daar reeds 21 dae sonder beurtkrag verloop het.

"Ons doen 'n beroep op verbruikers om hul elektrisiteitsgebruik dwarsdeur die dag te verminder, maar wees veral spaarsamig tydens spitstye van 06:00 tot 10:00 en 17:00 tot 21:00," het Eskom gesê.

5.1. Vul 'n woord in om die sin korrek in die INFINITIEF te voltooi. (1)

5.2. Voltooi die sin in die ONTKENNENDE VORM. Skryf die sin volledig uit.

Eskom het al voorheen beurtkrag toegepas. (1)

5.3. Verbind die volgende sinne. Begin met: Aangesien...

Eskom is onder druk. Ons het nie genoeg elektrisiteit nie. (1)

5.4. Voltooi die taalfout in die volgende sin.
Skryf slegs die korrekte vorm van die woord neer.

"Eskom kon die afgelope drie week daarin slaag om ten volle aan die land se kragbehoeftes te voorsien." (1)

5.5. Verander die STELSIN na 'n VRAAGSIN. Die onderstreepte deel is die antwoord.

Daar was vir drie weke geen beurtkrag nie. (1)

5.6. Gee die VERKLEININGSVORM van die vetgedrukte woord in die volgende sin.

Die lig in die badkamer het geblaas. (1)

5.7. Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Ons krag het gedurende (eet + tyd) uitgegaan. (1)

5.8. Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Eskom mik vir vier weke sonder beurtkrag. (1)

5.9. Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Los al die ligte aan! (1)

5.10. Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Eskom het die probleem so gou as moontlik opgelos. (1)

(10)

**<u>Vraag 6 : Spotprent</u>**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




6.1. Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Snoopy is besig om 'n kortverhaal te tik. (1)

6.2. Skryf die volgende sin oor, maar BEGIN SOOS AANGEDUI.

Snoopy moet Eskom vir die inspirasie vir sy kortverhaal bedank.

Snoopy behoort ... (1)

6.3. Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Snoopy vra vir Eskom: "Wanneer gaan die elektrisiteit weer aankom?" (1)

6.4. Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die vetgedrukte woord.

Lucy en Sally is twee van die belangrike **akteurs** in die rolprent Charlie Brown. (1)

6.5. Gee die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord tussen hakies.

Peppermint Patty is (**baie verlief**) op Charlie Brown. (1)

6.6. Voltooi die VERGELYKING.

Snoopy is so slim soos .................. (1)

6.7. Gee die KORREKTE MENSLIKE VORM van die vetgedrukte woord.

Die strokieskarakters van Charlie Brown is deur 'n **AMERIKA** geskep. (1)

6.8. Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Snoopy het op 'n outydse tikmasjien begin skryf. Die elektrisiteit was nie altyd betroubaar nie. (omdat) (1)

6.9. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD om die sin korrek te voltooi.

Snoopy is 'n hond ( wie / wat ) aan Charlie Brown behoort. (1)

6.10. Gee die MEERVOUDSVORM van die woord tussen hakies.

Daar is baie Suid Afrikaanse **besigheid** wat sukkel as gevolg van die beurtkrag wat deur Eskom geïmplimenteer word. (1)

**(10)**

Sub-totaal vir Afdeling: C: 40

**GROOTTOTAAL: 80**